**Mei - Junie 2025**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 25, No. 3** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Waarom ons nog steeds die Wêreld van Môre nodig het

Die heel eerste uitgawe van *Tomorrow's World* is in Mei 1999 gepubliseer en 25 jaar later gaan God voort om hierdie tydskrif in staat te stel om die waarheid, profesie en hoop te verkondig. Dit het my nou die dag getref: Soms is ons hier by die *Wêreld van Môre* te ver voor met die plan. Ons gee vooraf waarskuwings, maar teen die tyd dat die gebeure van daardie waarskuwings realiseer, het mense reeds aanbeweeg en vergeet waar hulle dit gehoor het. Laat my toe om u te herinner aan verskeie artikels wat in die verlede in hierdie tydskrif geplaas was wat kragtige voorbeelde is.

Op die voorblad van ons April-May 2023 Engelse *Tomorrow's World*-tydskrif het die vraag verskyn: "*Has World War III Already Begun*?" en u kan verwys na die *Wêreld van Môre* se hoofartikel in die Maart-April 2024 uitgawe met die titel "Slaapwandelend na Wêreldoorlog III". Dit het op Europa gefokus, maar soveel *meer* toepaslik geword ná die streekoorlog wat uitgebreek het ná die barbaarse Hamas-aanval op Israel! Soos dit verduidelik is, was die laaste twee wêreldoorloë aan die gang voordat amptelike verklarings uitgereik is, met spanning en konflikte wat voorgekom het in kleiner streke, wat gepaard gegaan het met militêre voorbereidings, wat die toneel vir 'n volwaardige wêreldoorlog voorberei het. Dit is moeilik vir ons verstand om die ondenkbare te aanvaar, maar die waarskuwingstekens is daar vir diegene wat oplet, soos dit geskryf is deur die voormalige Sowjet-leier Mikhail Gorbatshof: "Meer troepe, tenks, pantserwaens en gewapende personeel word na Europa gebring ... NAVO en Russiese magte en wapens wat voorheen op 'n afstand ontplooi is, word nou nader aan mekaar geplaas om vanaf baie korter afstande te vuur. Politici en militêre leiers klink al hoe meer strydlustig en verdedigingstrategieë raak gevaarliker … Alles dui daarop dat die wêreld gereed maak vir oorlog" (*NBC News*, 27 Januarie 2017).

Die artikel is geskryf vyf jaar voor Rusland se aanval op die Oekraïne. Sedert daardie inval en die Weste se reaksie daarop, het gerespekteerde persone beweer dat die Derde Wêreldoorlog begin het. Diegene wat die ondenkbare uitspreek, sluit in die Russiese mediafiguur Olga Skabeyeva, die leier van die Franse intellektuele Emmanuel Todd en selfs Pous Franciskus, die Rooms-Katolieke pous – wie gesê het: "*World War III has been declared*" (*America: The Jesuit Review*, 14 Junie 2022).

Dit is nie slegs die *Wêreld van Môre* wat geskiedkundige ooreenkomste uitwys nie. Terwyl ander mense hierdie waarskuwings laat hoor, waarom het u ons nodig? Herhaal ons bloot wat ander mense sê? Glad nie! Die *Wêreld van Môre* voeg 'n dimensie by wat ander mense nie noodwendig raaksien nie. Ons artikel het verduidelik dat die gevolge van Rusland se inval

gevolge het wat betref die vervulling van Bybelprofesieë. Lank voordat Skabeyeva, Todd of Pous Franciskus gebore is, het die profeet Daniël onder inspirasie van God, die gekiedenis uiteengesit vanaf sy tyd tot met die Wederkoms van Jesus Christus (Daniël 2:31-45; 7:1-27). Eeue later het Christus gewaarsku dat ons wêreldwye katastrofe in die gesig sal staar tensy ons ons tot God wend (Matthéüs 24:21-22).

**Antieke profesie in moderne konteks**

Duisende jare gelede het God se profete dit baie duidelik gemaak wat om te wagte te wees op plekke soos die Midde-Ooste en Europa. Ons Januarie-Februarie 2025 *Wêreld van Môre* uitgawe het artikels bevat wat 'n Bybelse perspektief gee oor wat in die Midde-Ooste besig is om te gebeur met verwysing na gedetailleerde profesieë vir ons tyd. Kenners gee menings oor wat hulle *dink* sal gebeur – die Bybel voorspel akkuraat wat *sal* gebeur. Dit verduidelik die geskiedkundige konteks waarvan min mense kennis dra en dit maak geskiedenis vooruit bekend! Ongelukkig is daar soveel dinge wat rondom ons gebeur dat dit maklik is om te vergeet wat ons net 'n paar maande gelede geskryf het.

Ons Februarie 2023 *Tomorrow's World* se voorblad lui: "*Will the U.S. suffer the fate of Rome?*" In daardie artikel het ons daarop gewys hoe die Verenigde State besig is om "Rome se foute te herhaal".

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Waarom ons nog steeds die Wêreld van Môre nodig het**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**O Israel, maak gereed om julle God te ontmoet** 3
*Hierdie tydskrif voorspel reeds vir 25 jaar al die vervulling van Bybelse profesie. Hoe kan u bevestig dat dit wat ons sê die waarheid is?*

**'n Hoër standaard** 8

**Oorlog van die wêrelde** 11
*Dekades na dié beroemde roman beleef die Midde-Ooste 'n werklike konflik wat 'n agressor, so onversoenlik soos H. G. Wells se buitewêreldse invallers, betrek.*

**Die VK immigrasie-krisis** 14
*Waarom is die Westerse nasies in 'n immigrasie-stryd gewikkel? Wat sal die lot wees van die immigrante-bevolkings? Die Bybel voorsien antwoorde.*

**Die volgende D-dag** 15
*Op 6 Junie 1944 het die wêreld die grootste see-aanval in die mens se geskiedenis beleef. Dit is egter onbeduidend in vergelyking met 'n inval wat nog voorlê.*

**Die Gees van Pinkster** 22

**Ondervinding is nie die beste leermeester nie** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# O Israel, maak gereed om julle God te ontmoet

**Deur Gerald E. Weston**

Die Bybel gee 'n eenvoudige waarskuwing aan diegene wat valslik beweer dat hulle 'n boodskap van God ontvang het en beweer dat Hy met hulle gepraat het terwyl Hy dit nie gedoen het nie. Daar was nog altyd en daar is stééds individue wat aanspraak maak op die status van 'n goddelike profeet. Eségiël, 'n *ware* profeet, dra God se waarskuwing oor teen die maak van voorspellings wat sogenaamd van Hom af kom en dan *hoop* dat dit sal gebeur.

> "Mensekind, profeteer teen die profete van Israel wat profeteer, en sê aan die wat profete uit hulle eie hart is: Hoor die woord van die HERE! So spreek die Here HERE: Wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel en *agter* dinge wat hulle nie gesien het nie. ... Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die HERE het gespreek – terwyl die HERE hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord!" Eségiël 13:2-3, 6).

God draai nie doekies om met betrekking tot valse voorspellings wat verkeerdelik aan Hom toegeskryf word nie en noem dit leuens en onsin. Eségiël gaan voort: "Het julle nie 'n bedrieglike gesig gesien en leuenagtige waarsêery gespreek nie deurdat julle sê: Die HERE spreek, terwyl Ék nie gespreek het nie? Daarom, so spreek die Here HERE: Omdat julle valsheid gespreek en leuenagtige gesigte gesien het, daarom kyk, Ek het dit teen julle, spreek die Here HERE" (verse 7-8).

Waarom praat die *Wêreld van Môre* dus so baie oor profesie? Hoe weet u dat ons woorde die waarheid is?

Dit kan 'n uitdaging wees om Bybelprofesieë te verstaan. Dit sou maklik gewees het indien God net gewoonweg met ons gepraat het in visioene en drome soos Hy met die antieke profete gedoen het, maar dit is nie tans die geval nie. Nie een van ons hier by die *Wêreld van Môre* maak daarop aanspraak om 'n profeet te wees nie. Dit word dus aan ons oorgelaat om te lees wat hulle geskryf het en om twee sleutelpunte te onderskei: Wie die bestemde ontvangers is en ook die tye wanneer die profesieë vervul sal word. Wat meer is, ons het 'n verantwoordelikheid om daardie geïnspireerde Woorde van God *oor te dra aan ander*.

Laat ek verduidelik waarom.

**Eségiël en die huis van Israel**

God het aan die profeet Eségiël 'n ongewone opdrag gegee. Hy is aangesê om 'n boodskap na die huis van Israel te neem en dat hy aanspreeklik gehou sou word indien hy nalaat om dit te doen. Waarom is dit dan vir u van belang? Wat het dit te doen met die Werk van die *Wêreld van Môre* en sy borg, die *Lewende Kerk van God*?

Eségiël het 'n klein boekrol gekry, waarop 'n boodskap vir die toekoms geskryf is. Hy is toe aangesê om dit te eet en is beveel:

> "Mensekind, kom, gaan na die huis van Israel, en spreek hulle aan met my woorde; want jy is nie gestuur na 'n volk wat duister van spraak en swaar van tong is nie, *maar* na die huis van Israel; nie na baie volke wat duister van spraak en swaar van tong is nie, wie se woorde jy nie kan verstaan nie; as Ek jou tog na hulle gestuur het, het húlle na jou geluister! Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie; want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart" (Eségiël 3:4-7).

Let op dat daar vier keer, in vier verse, die bestemde ontvanger van Eségiël se boodskap duidelik gemaak word dat dit die *huis van Israel is*. Hier kom ons nou te staan voor 'n betekenisvolle probleem wat deur min mense verstaan word. Dit is nogtans nie moeilik om op te los nie. Ná koning Salomo se regering het die nasie van Israel in twee afsonderlike nasies verdeel naamlik die *huis van Israel* in die noorde en die *huis van Juda* in die suide. Die huis van Israel het uit tien stamme bestaan, terwyl die huis van Juda slegs Juda, Benjamin en baie Leviete ingesluit het. U kan van hierdie skeuring lees in 1 Konings 12.

Die meeste mense dink dat die terme *Juda* en *Israel* sinoniem is. Dit is nie so nie. *Israel* is 'n breër term wat *Juda* (of Jode) sowel as ander volke insluit. Dit is waar dat alle etniese Jode afstammelinge is van Jakob, wie se naam na Israel verander is. Daarom is hulle kinders van Israel. Alle Israeliete is egter nié Jode nie, net soos alle Amerikaners nie Kaliforniërs is nie. So is diegene wat in Kanada, die Verenigde State en Mexiko woon, in breë terme “Amerikaners” omdat hulle in Noord-Amerika woon maar Kanada, Mexiko en die Verenigde State is drie verskillende lande.

Die Bybel wy vier boeke (1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke) aan die geskiedenis van hierdie twee afsonderlike nasies. Die huis van Israel is in ballingskap weggevoer na Assirië omstreeks 721-718 v.C. Die huis van Juda is tussen 604 en 585 v.C. deur Nebukadnésar (Babilon) gevange geneem na Chaldéa – meer as honderd jaar nadat die noordelike huis nie meer as 'n nasie bestaan het nie. Die sekulêre sowel as Skriftuurlike geskiedenis toon dat hierdie twee nasies *nooit daarna* een enkele nasie was nie. Tydens Christus se Wederkoms sal albei nasies bestaan en op daardie tydstip weer een nasie word, soos dit duidelik aangedui word in Eségiël 37:15-28. Neem tyd om hierdie gedeelte te lees. Dit beskryf die toekoms wanneer koning Dawid uit die dood opgewek sal wees en God sy Koninkryk op die aarde gevestig het (verse 23-28).

Sommige vertolkers gee 'n wanvoorstelling van die boeke Esra en Nehemía, wat Eségiël 37 weerspreek deur te beweer dat Israel en die Jode reeds een volk was, omdat ons vind dat sommige Jode teruggekeer het uit Babiloniese ballingskap na die val van daardie ryk in 539 v.C. Hulle verwys na verse soos Nehemía 12:47 en dan na Esra 10:5: “Toe het Esra opgestaan en hy het die owerstes van die priesters, die Leviete en die hele Israel laat sweer om volgens hierdie woord te handel; ... En die hele Israel het in die dae van Serubbábel en in die dae van Nehemía die aandele van die sangers en van die poortwagters gegee, na die eis van elke dag”.

Die bewering dat dit verwys na al twaalf stamme is nogtans op sy beste onkunde en in die ergste sin, misleidend. Wanneer u Esra en Nehemía noukeurig lees, sal u tot die slotsom kom dat hierdie gedeeltes uitsluitlik Jode, Benjaminiete en Leviete beskryf wat uit Babiloniese ballingskap teruggekeer het – die huis van Juda. Nie een van die ander stamme van Israel, wat 120 jaar tevore in Assiriese ballingskap weggevoer was, word in een van hierdie boeke genoem nie. Hou in gedagte dat Jode Israeliete is, maar hulle is nie van die noordelike *huis van Israel* nie – 'n onderskeid wat soos ons sal sien vir ons vandag belangrik is.

**Eségiël het geweet na wie hy gestuur is**

Eségiël het in die suidelike nasie van Juda gewoon en was een van die vele ballinge wat in gevangenskap na Babilon geneem was. Hy het geweet wat die verskil tussen die twee lande is wat van die aartsvader Israel afstam. Hoe weet ons egter dat Eségiël nie na die Jode verwys het toe hy met die Joodse gevangenes oor die *huis van Israel* gepraat het nie? Het hy verstaan dat die fokus van sy boodskap vir die noordelike nasie was en nie vir sy eie nasie nie?

Die antwoord op hierdie vraag is 'n raaisel vir beide geestelikes en leke, maar dit hoef nie te wees nie. Dit is deel van een van die mees opwindende Bybelse waarhede – 'n diepgaande waarheid wat help om sin te maak van ons huidige samelewing en dit verduidelik waarom ons by die *Wêreld van Môre*, profesie nie verwaarloos nie. Gaan terug na die begin van die boek Eségiël. Maak u eie Bybel oop en lees self hierdie dinge. Moet ons nie glo net omdat ons so sê nie; glo dit omdat u dit sélf in u eie Bybel lees!

Die Jode was in ballingskap in verskillende stadiums oor 'n

tydperk van 19 jaar. Eségiël was onder die eerste gevangenes en die boek met sy naam begin ses jaar voor die val van Jerusalem. "IN die dertigste jaar ... toe ek onder die ballinge by die Kebarrivier was ... dit was die vyfde jaar van die ballingskap van koning Jójagin – het die woord van die HERE uitdruklik gekom tot Eségiël ... die priester, in die land van die Chaldeërs, by die Kebarrivier" (Eségiël 1:1-3).

Blaai nou na hoofstuk 4, waar die profeet aangesê word om die komende beleg van Jerusalem op 'n kleitablet uit te beeld. Hy moes stormramme en ander miniatuur instrumente van oorlogstuig uitbeeld. Waarom? "'n Teken is dit vir die huis van Israel" (vers 3). Jerusalem was egter die hoofstad van die huis van Juda (die Jode). Waarom was die beleg van Jerusalem dan "'n teken vir die *huis van Israel*"? Het Eségiël nie die verskil geken nie? Het God nie geweet wat die verskil is (sê ek tong in die kies) toe Hy met Eségiël gepraat het nie? Wat hierop volg, bewys dat Eségiël *wel* geweet het wat die verskil was. Lees dit self. Net nadat God vir Eségiël gesê het dat die beleg van Jerusalem 'n teken vir die huis van Israel sou wees, het God aan hom hierdie ongewone opdrag gegee:

> "Gaan lê ook op jou linkerkant, en sit daarop die ongeregtigheid van die huis van Israel; *volgens* die getal dae dat jy daarop lê, moet jy hulle ongeregtigheid dra. En Ék lê jou die jare van hulle ongeregtigheid op volgens die getal dae, driehonderd-en-negentig dae, dat jy die ongeregtigheid van die huis van Israel moet dra. En as jy met hierdie *dae* klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op" (Eségiël 4:4-6).

Hierdie profesieë is na die Jode geneem en sommige profesieë is *wel* op hulle van toepassing. Die fokus van die boek is eintlik op die *huis van Israel* – 'n ander nasie. Wanneer sal die profesieë vervul word?

Verbind die kolletjies: In die eerste hoofstukke sê God vir Eségiël om na die huis van Israel te gaan (Eségiël 3:1, 4-5, 7). Verder was hy beveel: "Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku" (vers 17). Soos wat ons verder gesien het, sou die beleëring van Jerusalem "'n teken vir die huis van Israel" wees. Dit was egter net moontlik vir Eségiël om God se boodskap aan sy eie mense oor te dra, dié van die huis van Juda, wat ook saam met hom in gevangenskap was. Sy boodskap, soos gesien word op die kleitablet wat die beleg van Jerusalem uitbeeld, was 'n boodskap vir die huis van Israel.

**'n Wag se plig**

Eségiël is meegedeel dat hy "'n wag vir die huis van Israel" moes wees. Ons sien dit in die inleidende hoofstukke waar sy opdrag verduidelik word. Nadat die hardkoppigheid van Sy gehoor deur God beskryf is, sê Hy: "Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku" (Eségiël 3:17).

Kyk nou na 'n uiters deurslaggewende gedeelte wat in hoofstuk 33 gevind word waar Eségiël se verantwoordelikheid bevestig word om 'n wag te wees – nie vir die Jode nie, maar vir die huis van Israel. 'n Nuwe element word bygevoeg: Die erns van sy roeping.

> "Mensekind, spreek met die kinders van jou volk en sê vir hulle: As Ek die swaard oor 'n land bring, en die mense van die land neem 'n man uit hulle kring en stel hom as wag vir hulle aan, en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas met die basuin en waarsku die mense – as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel. As daarenteen die wag die swaard sien kom en

> met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar *sy* bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku" (Eségiël 33: 2-7).

Ons het reeds gesien dat antieke Israel in twee afsonderlike koninkryke verdeel is. Alhoewel Eségiël 'n gevangene in Babilon was, was sy belangrike boodskap vir die noordelike koninkryk van Israel. Hy moes 'n klein boekrol eet en die boodskap wat daarin was, na die huis van Israel neem (Eségiël 3:1). Die beleg van Jerusalem was 'n boodskap vir die huis van Israel (Eségiël 4:1-3).

Ons sien nou God se bevestiging van Eségiël se roeping en die belangrikheid daarvan om dit uit te voer: "Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel". Die waarskuwing is dat indien hulle hulle nie bekeer nie, hulle in gevangenskap sal gaan.

"Hier is egter nou 'n probleem": Die noordelike tien stamme was *reeds* meer as *120 jaar tevore* gevange geneem. Dit wil voorkom asof Eségiël meer as 'n eeu laat was – of wás hy?

Soos vroeër verduidelik, die grootste uitdaging om Bybelse profesieë te verstaan is om te onderskei vir wíe die boodskap bedoel is en *wanneer* dit vervul sal word. Somtyds is dit duidelik; ander kere is dit nie so duidelik nie. Soos vroeër beskryf is, verstaan ons dat 'n groot gedeelte van die boek Eségiël, nie vir die Jode is nie, maar vir die noordelike tien stamme.

Waarom sou God 'n nasie 120 jaar te laat waarsku dat hulle in ballingskap sal gaan tensy hulle hul van hulle bose dade bekeer? Wat meer is, waarom sou God 'n man kies om dit te doen wie sélf op 'n ander plek in gevangenskap was en nie die vermoë gehad het om, vanweë sy gevangenskap, die boodskap na die bedoelde ontvangers te kon neem nie?

Ons moet tot die gevolgtrekking kom dat God Eségiël daardie boodskap laat opteken het vir 'n toekomstige wag wat daardie waarskuwing na die huis van Israel kon neem, maar wanneer?

Dit is interessant dat ons die frase "huis van Juda" net vyf keer in 48 hoofstukke vind, alhoewel daar duidelik ander verwysings na die Jode is. Die noordelike tien stamme van die huis van Israel word egter meer as 80 keer genoem! Sommige van Eségiël se profesieë was 'n getuienis teen die Jode van sy tyd, maar die meerderheid van God se boodskappe was vir die huis van Israel en dit was nie vir daardie tyd bedoel nie, maar vir óns tyd – die eindtyd.

### 'n Boodskap vir ons tyd

Die boek Eségiël bevat baie verwysings na die tyd wat lei tot die eindtydperk wat ook die begin van Christus se Heerskappy op aarde aandui. Agt hoofstukke word gewy aan beskrywings van 'n tempel en die dienste gedurende die Millennium (Eségiël 40-47). Hoofstuk 48 beskryf die grense tussen die twaalf stamme van Israel na die Wederkoms van Jesus van Násaret, die Messías. Ons leer dat die twee nasies nie weer bymekaar sal kom voor die tyd van die opstanding nie (Eségiël 37:15-28).

Daar is ook 'n direkte verwysing na die dag van die Here – die tyd van God se eindtyd-ingryping. "Jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhope. Julle het in die bresse nie opgegaan nie en die muur nie gebou om die huis van Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van die HERE nie" (Eségiël 13:4-5).

Die mense vir wie Eségiël se boodskap bedoel is was nie die Jode nie, ook nie vir die huis van Israel van sy tyd nie, *maar vir die eindtydse afstammelinge van die tien stamme van Israel*. Daarom moet daar 'n wag vir die eindtyd wees – maar wie? Dit kan net iemand of een of ander groep mense wees wat van hierdie stamme bewus is en waar hulle hulle aan die einde van die tyd bevind. Behalwe dié van ons hier by die *Wêreld van Môre* en 'n paar ander oorblywendes van die *Worldwide Church of God*, onder die leierskap van wyle Herbert W. Armstrong, erken feitlik niemand anders die duidelike leerstellings van die Bybel met betrekking tot hierdie saak nie.

Selfs afgesien van hierdie begrip, maak God dit duidelik dat sy dienaars 'n verantwoor-

delikheid het waarvoor hulle aanspreeklik gehou sal word, om diegene wat op 'n ramp afstuur te waarsku: "Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk" (Spreuke 24:11-12).

Volgens die Bybel bestaan die huis van Israel vandag iewers op aarde en dit is nie 'n onbekende deelnemer in geopolitiek nie. Diegene wat weet waar om hierdie stamme te vind, sien hulle na die slagbank wankel en die uiteinde van hulle struikeling gaan verskriklik wees – wat alle verwagting sal oortref.

Indien u graag wil uitvind wat die Bybel aan ons openbaar met betrekking tot hierdie mense aan die einde van die tyd, vra u eie gratis eksemplaar aan van *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* vanaf die streekkantoor naaste aan u, waarvan die kontakbesonderhede op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*.

Is dit toevallig dat die Amerikaanse volk en volke van Britse afkoms saam met die Jode in die hedendaagse nasie van Israel, hulleself met onenigheid aan alle kante bevind, gedurende die presiese tyd wat hulle hul Skepper verlaat en die mees afstootlike sondes aanhang? Wetteloosheid is aan die orde van die dag. Geweld is besig om toe te neem. Vyandigheid teenoor God is openlik en heftig. Die Tien Gebooie word wêreldwyd verwerp – selfs deur baie mense wat hulleself "Christene" noem. Owerspel vier hoogty en daarmee saam egskeiding (of skeiding, aangesien baie mense nie eers die moeite doen om te trou nie), met kinders wat hopeloos verward agtergelaat word. Moeders neem hulle kleuters na *"Drag Queen Story Hours"*. Begryp hulle nie wat die gevolge daarvan kan wees nie?

Tensy die Amerikaanse en nasies van Britse afkoms, soos Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika hulle van hulle sondes bekeer, is slawerny binnekort hulle voorland – hoe moeilik dit ook al mag wees om te glo. God laat Hom nie bespot nie en wanneer Hy sy beskermende hand onttrek, sal die ondergang skielik kom, soos Jesaja skryf:

> "Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! en aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn! Daarom, so sê die Heilige van Israel: Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom" (Jesaja 30:8-13).

Nee, ons by die *Wêreld van Môre* is nie profete nie maar ons *kan* u daarop *wys* wat die profete van God vir die twee huise van Israel vir óns tyd opgeteken het. Enigiemand wat dit insien, behoort te besef dat dit belangrike tye is en dat rampspoed op die horison is. Dit hoef nie te gebeur indien die mense wat deel is van die huis van Israel en die huis van Juda, hulle van hulle bose weë bekeer nie. Ongelukkig is daar geen teken daarvan nie.

Die profeet Amos beskryf hoe alles klaarblyklik 'n slegte rigting inslaan en waarsku: "Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel" (Amos 4:12).

Onthou waar u hierdie boodskap gehoor het. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# O Kanada! 'n Hoër standaard

## Deur Gary Molnar

**Die *"Aangaande ons"*-bladsy van die *CSA-Groep* se amptelike webwerf lui:** "*CSA Group* is 'n globale organisasie wat toegewy is aan veiligheid, maatskaplike welsyn en bystand. Ons is 'n leier in standaardontwikkeling en in toetsing, inspeksie en sertifisering regoor die wêreld, wat ook Kanada, die V.S., Europa en Asië insluit. Ons mandaat is om die toekoms op 'n hoër standaard te hou" (*CSAGroup.org*, 2024).

Die *CSA*-Groep streef daarna om 'n verskil in die wêreld te maak, wat duidelik blyk uit sy verhewe doelwit om die toekoms op 'n hoër standaard te handhaaf. *CSA* is 'n akroniem vir *Canadian Standards Association*. Alhoewel die *CSA*-Groep nou toetse, inspeksie en sertifisering uitvoer, is dit sedert sy ontstaan betrokke by die ontwikkeling van standaarde.

Die *CSA*-merk is duidelik herkenbaar en word gevind op miljarde produkte, handelswyse en dienste wat binne Kanada versprei word – dit word erken en dwing respek af. Daardie merk, met sy kenmerkende logo, dui aan dat die produk, proses of diens streng volgens spesifieke standaarde getoets is en aan die vereistes van daardie standaarde voldoen. Kanadese se veiligheid en gesondheid is aansienlik verbeter deur die standaarde wat deur die *CSA*-Groep ontwikkel is.

**Orde uit chaos**

'n Standaard word gedefinieer as iets wat deur 'n spesifieke gesaghebbende organisasie ingestel is as 'n vasgestelde reël om hoeveelheid, gewig, omvang, waarde of kwaliteit te bepaal. Sommige sinonieme vir 'n standaard is: *riglyn*, *norm*, *maatstaf*, *ykmaat*, *rigsnoer*, *kriteria*, *handleiding*, *model*, *patroon*, *voorbeeld*, *reël* en *wet*. Standaarde is beginsels van bestuur wat 'n gevestigde reël ondersteun.

Oor die algemeen laat 'n standaard 'n mate van aanvaarbare variasie of speling toe. Alhoewel die mate van variasie tipies redelik beperk is laat dit toe dat daar aan 'n standaard se kwaliteitspesifikasies voldoen kan word indien die finale resultaat steeds binne die toelaatbare grense is. Dit identifiseer ook potensieel gevaarlike "afwykspesifikasies" wat herverwerk of vernietig behoort word.

In ons daaglikse lewe kom ons baie produkte, prosesse en dienste teë wat voortspruit uit menslike vindingrykheid. Ons aanvaar as vanselfsprekend dat dit sal funksioneer maar ons oorweeg selde die standaarde wat daartoe bydra om 'n rol te speel om daardie funksionering te *verseker*. Standaarde bring orde en veiligheid in ons lewens en die meeste mense sou saamstem dat dit uiters noodsaaklik is. Konstruksiemateriaal, voertuie, brûe, vliegtuig-onderdele, broodroosters en tandeborsels werk beter en is veiliger as gevolg van standaarde. Deur die mense wat aan die spits staan van die *CSA*-groep, is Kanada al meer as 'n eeu lank 'n wêreldleier in die vasstelling van industriële standaarde.

In 1917, te midde van die afgryse en chaos van die Eerste Wêreldoorlog, was tegniese en veiligheidstandaarde van strategiese belang. Oorlogstoerusting wat deur Geallieerde nasies vervaardig is, wat nooit ontwerp of in die vooruitsig gestel is met internasionale versoenbaarheid in gedagte nie, was noodwendig op die slagveld vermeng. Resultate was frustrerend, verwarrend en soms dodelik. Gedurende daardie onstuimige tye het die idee posgevat om 'n organisasie tot stand te bring wie se taak dit sou wees om standaarde onder die Geallieerdes vas te stel en te koördineer. 'n Groep van Kanada se voorste ingenieurs het dié uitdaging aangepak.

Wat begin het as 'n poging gedurende die oorlog om toerusting te standaardiseer, het nie met die oorlog geëindig nie. Kanada is 'n uitgestrekte land met uiteenlopende

grondgebiede en klimaatstoestande. Die vereniging van die nasie en om dit ekonomies vorentoe 'n hupstoot te gee, het die volgende uitdagende doelwit geword. Die *CSA* – 'n nie-winsgewende, nie-regeringsorganisasie – is in 1919 gestig onder 'n federale handves om die veiligheid van Kanada se infrastruktuur te verbeter (*CSA Group, 100 Years of Holding the Future to a Higher Standard: The CSA Group's Centennial Anniversary 2019*, bll. 5-6).

Aanvanklik het die *CSA* gefokus op spoorwegbrûe en elektrisiteit wat uiters noodsaaklik was om die land te verenig. Daardie geleentheid het gou uitgebrei om vliegtuigonderdele en draadkabels in te sluit en het selfs verder uitgebrei na huishoudelike, industriële en mediese produkte. Met die verloop van jare het dit voortgegaan om uit te brei en aan te pas by die veranderende behoeftes van die Kanadese ekonomie. Vandag het die *CSA* se omvang nog verder uitgebrei om nywerhede soos energie (petroleum en kernkrag), gesondheidsorg, openbare veiligheid, inligting- en kommunikasietegnologie asook die omgewing in te sluit. “Die doelwit van die *CSA*-Groep se standaard ontwikkelingsorganisasie is om die lewens van Kanadese te verbeter deur die bevordering van standaarde in die openbare en private sektore. Ons is 'n leier in standaardnavorsing, ontwikkeling, opvoeding en voorspraakmaak. Die tegniese en bestuurstandaarde wat saam met ons 10,000 lede ontwikkel is, verbeter veiligheid, gesondheid, die omgewing en die ekonomiese doeltreffendheid in Kanada en elders” (bl. 80).

Die *CSA* maak staat op 'n uitgebreide netwerk van duisende vrywillige lede – kundiges met grondige tegniese kennis en ervaring. Hierdie vrywilligers deel hulle


# PAASFEES (EASTER)

## *Die storie wat nie vertel is nie*

## *Die Waarheid wat verontagsaam is*

*Elke jaar vier belydende Christene 'n vakansiedag wat bekend staan as Paasfees, maar min mense verstaan die ware oorsprong daarvan. Hoe het dit gebeur dat 'n dag wat veronderstel is om Jesus Christus se opstanding uit te beeld, geassosieer geraak het met die naam van die heidense godin, Eostre? Wat is die oorsprong daarvan om die dag met hasies en gekleurde eiers te vier en wat het dit met mekaar te doen? Wat het hierdie dinge te doen met die opstanding van Christus?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

vaardighede, begrip en 'n passie om 'n bydrae te lewer om standaarde te ontwikkel aangesien hulle weet dat dit wat hulle doen, 'n verskil maak. Dit is belangrike werk; die land se nywerhede sou nie effektief of doeltreffend kon funksioneer sonder standaarde nie. Baie van die standaarde wat ontwikkel is, het deel geword van Kanadese wetgewing, word in ambagskole onderrig en het "standaard" praktyke binne die industrie geword.

Alhoewel dit 'n Kanadese organisasie is, word die impak van die *CSA* wêreldwyd beleef. Dit werk saam met en benut die werk van organisasies soos die *American National Standards Institute (ANSI)*, die Internasionale Organisasie vir Standaardisering *(ISO)* en die Internasionale Elektrotegniese Kommissie *(IEC)*. Deur middel van hierdie vennootskappe beïnvloed die *CSA* ook konsekwentheid in die ontwikkeling van standaarde in ander lande en internasionaal. Die werk van die *CSA* maak 'n verskil in Kanada en elders.

**God se standaarde**

Het God standaarde? Ons kan na Sy skepping kyk en sien dat Hy wél standaarde het. Oral om ons sien ons orde, skoonheid en doel. Wanneer God iets bou, doen Hy 'n perfekte werk; Sy werk is van 'n hoë standaard. God het *ons* gebou; Hy is ons Skepper en Hy alleen het volledige tegniese kennis en ervaring oor hoe ons gemaak is en hoe ons die beste kan funksioneer. Hy het ons – anders as diere of plante – na Sy beeld en gelykenis gemaak. Omdat ons Sy beeld en gelykenis weerspieël, verwag Hy van ons om ons lewens volgens 'n hoër standaard te leef, wat reflekteer word in Sy Wette en insettinge.

In Job 1:8 vra God vir Satan: "Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad." Is dit hoe God óns sal beskryf? Doen ons kwaad of doen ons wat reg is in Sy oë? God stel die standaard; die enigste oordeel wat uiteindelik saak maak, is Syne. Hoe voldoen ons aan die hoër standaard wat God aan ons gegee het? Daardie standaard is noodsaaklik. Dit maak 'n verskil.

Ons is God se vakmanskap. Hy ken ons persoonlik. Wanneer ons Sy hoër standaard volg, sal ons gelukkige, oorvloedige en vervulde lewens lei. Ons lewens is nie ons eie nie; die fisiese lewe wat ons nou het, is 'n manifestasie van God se krag en behoort aan Hom. Hy sal op 'n stadium vra dat ons verantwoording doen oor wat Hy vir ons gegee het. Slegs diegene wat Sy Wette gehoorsaam en opreg daarna streef om gehoorsame lewens te lei binne die grense wat deur daardie Wette geskep is, sal Sy Koninkryk binnegaan. Binne die grense van God se volmaakte Wet is daar absolute vrede, veiligheid en vreugde. Ons behoort dankbaar te wees dat Hy aan Christene Sy Heilige Gees gee waardeur ons kan toeneem in genade, kennis en gehoorsaamheid aan Sy volmaakte standaard.

God se standaard vir ons word saamgevat in die Tien Gebooie wat ons leer hoe om God lief te hê en hoe om ons naaste lief te hê. Ons behoort hierdie hoër standaard te gebruik om persoonlik selfondersoek te doen en te sien hoe ons daaraan voldoen. Die Tien Gebooie is belangrik; dit is God se hoër standaard. Anders as die standaarde wat deur menslike organisasies soos die *CSA* gestel word, hoef die Tien Gebooie nooit hersien te word nie en daar is géén aanvaarbare afwyking daarvan nie – dit is tog letterlik in klip vasgelê, by God is daar "geen verandering of skaduwee van omkering [is] nie" (Jakobus 1:17).

U kan meer inligting verkry oor die hoër standaard wat God vir ons gestel het deur 'n gratis eksemplaar van *Die Tien Gebooie* by die streekkantoor naaste aan u te bestel, (lys van kantore op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of deur dit aanlyn te lees by *wvm.co.za.* WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Oorlog van die wêrelde

## Deur Peter Nathan

In *The War of the Worlds* is die inval deur vreemdelinge in ons wêreld, afkomstig van die planeet Mars, uitgebeeld. Hierdie bekende roman wat deur H.G. Wells geskryf is en afspeel gedurende Engeland se Victoriaanse era, is later verwerk vir radio en grafies uitgebeeld deur Hollywood-draaiboeke. Die eerste rolprent wat gebaseer is op die roman, wat in 1953 vervaardig is, word erken as 'n kulturele ikoon waarop toekomstige wetenskapfiksie-films geskoei is.

Ons is almal bekend met die barbaarse aanslag deur die magte van Hamas teen Israel op 7 Oktober 2023. Vandag is ons getuies van 'n werklike toename in wêreldkonflik wat 'n aggressor behels wat in elke opsig so onversetlik is in sy doelwit as daardie buiteruimtelike indringers van Wells se storie – 'n soewereine staat wat weier om toe te gee aan die eise van sulke vyande soos die beleërde aardbewoners wat volksmoord in die gesig staar. Die godsdienstige saak wat die dryfveer vir die ideologie is, is byna net so vreemd in ons Westerse denkwyse soos indringers van Mars. Die konflik het geen politieke oplossing nie – slegs 'n godsdienstige uiteinde.

Mei 2024 bring ons by die sewende maand sedert die aanval op 7 Oktober 2023. Die reaksie op hierdie maande van oorlog is gekenmerk deur die Westerse wêreld se beklemtoning van menseregte vir die Palestyne. Westerse beleidmakers en kundiges beskou die oplossing vir die probleme in terme van politieke teorie.

Sedert die Franse Rewolusie en die stigting van die Verenigde State, het die Westerse wêreld gebeure toenemend in terme van menseregte beoordeel. Die 1947 Verenigde Nasies-verdeling van die land met die naam Palestina, is deur hierdie politieke karakter gedryf. Die stigting van die staat met die naam Israel 'n jaar later, was eweneens polities (sien "Jerusalem: Die pad vorentoe" in die November-Desember 2024-uitgawe van die *Wêreld van Môre*).

### 'n Genadelose en vasberade mentaliteit

Die inval in Israel op 7 Oktober 2023 deur die magte van Hamas was nie bloot 'n politieke gebeurtenis nie. Hamas stel geensins belang in menseregte soos dit deur die Weste gedefinieer word nie, maar hulle streef eerder na die stigting van 'n Islamitiese staat wat die gebied, wat nou Israel genoem word, insluit. Vir Islam is politiek noodwendig ondergeskik aan godsdiensdoelwitte en vir baie Islamiete is dit 'n sleuteldoelwit om Jode die reg te ontsê om in Israel te woon. Die Houthis in Jemen en Hezbollah in Libanon, wat self namens die Palestyne by die huidige konflik betrokke wil raak, beskou dit as 'n stryd vir godsdienstige oorheersing – nie vir menseregte nie.

Meningsopnames wat in Gasa en die Wesoewer gedoen is, toon almal oorweldigende steun vir Hamas en hulle optrede van 7 Oktober 2023. Die bevolking daar is "geleer" om te streef na die vernietiging van die staat Israel en die uitkoms van so 'n vernietiging sou 'n Islamitiese staat wees, nie 'n demokratiese een nie.

Iran, die primêre weldoener van Hamas, word ook deur die meeste mense in die Weste verkeerd vertolk. Die ondergang van Shah Reza Pahlavi se regime in die laat 1970's word steeds beskou as die mislukking van die Shah om daardie land vinnig genoeg te verwesters. Die omgekeerde was egter waar; hy het Iran só vinnig verwesters dat die tradisies van sy Sjiïtiese Moslem-erfenis op die punt was om vernietig te word. Die daaropvolgende bewind van die Ayatollahs het daardie erfenis hervestig. Dit is nie verwestering waarna hulle streef nie, maar eerder Islamitiese oorheersing.

Wapenstilstande en vredesooreenkomste tussen Israel en Hamas, soos dit deur Westerse denke gedefinieer word, het dus min waarde. Vir Hamas en hulle spilmoondhede, bied sulke vertragings

bloot 'n blaaskans om voor te berei vir die volgende aanslag.

Die Westerse wêreld toon groot onkunde hieroor, aangesien hulle 'n poging aanwend om die konsep van die stigting van 'n Palestynse staat te hernu in reaksie op die aanvalle van 7 Oktober. 'n Palestynse staat – die sogenaamde "Twee-Staat-Oplossing" – sal nié 'n herhaling van 7 Oktober verhoed nie. Hamas beheer die Gasastrook sedert 2006, soms in bondgenootskap en soms in stryd met die sekulêre Fatah-faksie. Hulle invloed het die strook effektief en doelbewus voorberei vir voortgesette konflik met Israel.

'n Nuwe onafhanklike Palestynse staat sou nie vrede bring nie – dit sou nog 'n deelnemer in die godsdienstige konflik inbring, wat, soos Hamas, gestig sou word met die uitsluitlike doel om Israel en die Jode uit die Midde-Ooste te verdryf en verkieslik beide die staat en sy mense in die proses te vernietig.

**Israel is nie meer 'n heiligdom nie**

Daar is verskeie faktore wat in gedagte gehou moet word om die huidige situasie ten volle te verstaan.

Eerstens was die stigting van die staat Israel in 1948 'n slag vir Moslem-aspirasies, wat 'n ander dominante godsdienstige mag in die vorm van Sionistiese Judaïsme tot stand gebring het. Vir die Islamitiese denkwyse was dit 'n terugslag. Die totstandkoming van die staat Israel, het tot gevolg gehad dat die Jode wie ondergeskiktes in die Arabiese wêreld was, 'n verandering ondergaan het om 'n voordelige en beherende posisie te beklee. Die Israeliese oorwinning in die 1948 Arabies-Israeliese oorlog het 'n nuwe mag in die Midde-Ooste ingelui.

Alhoewel klein Joodse gemeenskappe vir eeue lank regdeur die Arabiese wêreld gefloreer het, het hulle geen soewereine status gehad nie, ten spyte van 'n sekere mate van vryheid om hulle godsdiens te beoefen. Hulle was onderworpe aan vervolging en het min voordele geniet in terme van menseregte. Met die totstandkoming van die staat Israel het hierdie gemeenskappe binne Arabiese nasies onderworpe geraak aan toenemende vervolging en het min voordele in terme van menseregte geniet tot op 'n punt waar Jode na Israel of ander Westerse nasies moes emigreer ter wille van hulle veiligheid. Die jarelange dienskneg het verrys om gesagvoerder in die streek te word. Regoor die Arabiese wêreld is die voortgesette bestaan van die Israeliese staat 'n bitter herinnering aan dié nederlaag.

In hierdie opsig het 'n woordvoerder van die *al-Qassam-Brigade* op 14 Januarie 2024 – honderd dae na die aanvalle van 7 Oktober 2023 – die motief vir die aanvalle beskryf as "die begin van [Israel se] werklike tydelike en ruimtelike verdeling en die 'bring van rooi [verse] as 'n aansoek van 'n verfoeilike godsdienstige mite wat ontwerp is vir aggressie teen die gevoelens van 'n hele nasie in die hart van sy Arabiese identiteit'" (*The Palestinian Chronicle*, 14 Januarie 2024). Die hedendaagse soektog na 'n rooi vers word gekoppel aan die verwagte herbouing van die derde tempel in Jerusalem, aangesien dit nodig geag word vir reinigingsrituele wat met tempelaanbidding verband hou.

Nog 'n belangrike stukkie inligting wat ons benodig om die huidige situasie behoorlik te begryp, is dat die hedendaagse staat Israel ongetwyfeld as 'n Sionistiese onderneming gevestig is. Die bedoeling van die stigters daarvan was om 'n veilige plek vir Jode te skep sodat hulle nie meer onderworpe sou wees aan die moorde op Jode wat Europa in die negentiende en vroeë twintigste eeu geteister het nie – hulle sou veilig wees teen die wreedhede van nasies sodat 'n gruweldaad soos die Holocaust nooit weer sou plaasvind nie.

Die gebeure van 7 Oktober het die verwagting vernietig dat Israel 'n veilige plek is; die sterfgevalle wat op 7 Oktober aangeteken is, was die grootste aantal Jode wat in een dag vermoor is sedert die Holocaust self. Israel staar nou eksistensiële vrae oor sy plek in die wêreld in die gesig. Die vraag of Israel 'n staat vir Jode of 'n Joodse staat is, word meer dringend.

**Sion, Sionisme en profesie**

Waar laat dit die Sionistiese staat op die pad vorentoe? Sal die huidige uitdagings 'n hernieude gevoel van godsdienstige ywer onder Israel se

leiers bring om Joodse godsdienspraktyke meer openlik te onderhou? Sinagoge-bywoning het 'n oplewing beleef ná 7 Oktober. Ultra-ortodokse en ver-regse politieke partye het in Februarie se plaaslike verkiesings vordering gemaak.

Inderdaad, godsdienstige Jode het baie meer betrokke geraak by Israeliese politiek sedert die 2005-onttrekking uit Gasa op bevel van die destydse eerste minister Ariel Sharon, wat gelei het tot die ontwikkeling van regse godsdienstige politieke partye wat nou deel van die regering is. Hierdie partye sal natuurlik invloed wil uitoefen oor wat in die toekoms met Gasa gebeur. Behoort dit weer deel te wees van die land Israel – *Eretz Israel*, soos hulle dit beskou?

Die voortdurende kwessie wat betref vrystelling van militêre diens vir Ortodokse mans wat by *yeshivas* – Torah-studiesale – ingeskryf is, kry 'n nuwe dimensie. Tans kan sowat 15 persent van die bevolking militêre opleiding en om opgeroep te word vryspring deur aanspraak te maak op hierdie wet om vrystelling te eis. Sedert 7 Oktober het ten minste 2,000 manne hulle nogtans aangemeld vir militêre diens terwyl groepe ultra-Ortodokse Jode, *Haredim*, gewillig nuttige ondersteuning vir die militêre optrede verskaf het. Vroue van *Haredim* was instrumenteel in die oprigting van kombuise om *kosher*-kos te voorsien aan diegene wat in die weermag dien.

'n Antieke boek – die Bybel – wat deesdae deur die wêreld verwerp word, spreek hierdie vrae aan. Dit is interessant dat tydens die Eerste Wêreldoorlog, 'n bietjie meer as 'n eeu gelede, die Bybel geraadpleeg is om die mees geskikte datum te kies waarop generaal Edmund Allenby, Jerusalem in die voorhoede van die Britse leër moes binnegaan. Allenby het homself in die rol gesien as die vervulling van profesie.

In sy boek, *A Peace to End All Peace*, spreek David Fromkin menings uit oor Britse betrokkenheid by Israel aan die begin van die twintigste eeu en sê dat "Bybelse profesie die eerste en blywendste van die vele motiewe was wat daartoe gelei het dat Britte die Jode na Sion wou laat terugkeer" (1989, bl. 298). Deesdae word Bybelse insig oor Israel en Jerusalem verwerp deur beleidmakers wat 'n oorlog op politieke vlak voer, onbewus van wat werklik besig is om te gebeur.

**Christus, die ware en enigste Vredemaker**

Die Bybel beskryf egter wel wat in Israel en spesifiek in Jerusalem, gaan gebeur. Die stryd vir die reg om in die land tussen die rivier en die see te bly, sal nie eindig voordat die Messías terugkom nie. Die Skrif sê vir ons dat hierdie oorlog in een of ander vorm sal voortduur tot en met Sy verskyning (Sagaría 14:1-4).

Die situasie sal so moeilik raak dat die koning van die Noorde – 'n Bybelse mag wat met Europa geassosieer word – hom sal beywer om beheer oor Jerusalem en die Midde-Ooste te verkry (Daniël 11:29-

*Vervolg op bladsy 20*

*Vervolg vanaf bladsy 22* – **Die Gees van Pinkster**

**Die krag van die heelal**

Wat egter belangriker was as die sigbare en hoorbare, was die gebeure wat nie gesien of gehoor kon word nie. Hierdie openbaring van God se majesteit het die uitstorting van die krag van die heelal aangedui: God se Gees. Dieselfde krag wat die son en die sterre laat ontvlam het – die krag wat die planete gevorm en begin het – sou nou létterlik in die mens op Aarde woon (Johannes 14:17).

Is daardie selfde Gees besig om u te verander? Motiveer dit u? Wil u 'n meer diepgaande persoonlike verandering in u lewe ondervind? Wil u meer bewyse hê dat u deur die Gees van God gelei word? Wil u graag méér persoonlik betrokke wees by die Werk wat Christus vandag doen? Indien u die begeerte het om daarna te soek, ís daar antwoorde beskikbaar.

Vir 'n oorsig van God se plan van verlossing, soos dit geopenbaar word deur die jaarlikse Heilige Dae, bestel gerus 'n gratis eksemplaar van *Die Heilige Dae – God se meesterplan* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

# Die VK immigrasie-krisis

**Deur Scott D. Winnail**

Migrasie is lank reeds 'n menslike verskynsel namate mense na veiliger, welvarender lewenswyses gesoek het. 'n Vlugtige blik op wêreldnuus dui daarop dat migrasie – veral van onwettige immigrante en asielsoekers – nie meer as gunstig beskou word nie. Politieke gevegte word gevoer tussen leiers wat beloof om die vlaag van onwettige immigrasie te stuit. Nasies waar immigrante se bevolkings toeneem, is in 'n stryd gewikkel om behuising, werk en dienste vir die immigrante te verskaf. Inheemse inwoners hoor hoe hulle moedertaal minder gereeld gepraat word. Migrante wedywer met inheemse burgers vir werk en dienste. Nasies wat vroeër asielsoekers verwelkom het, reageer nou met toenemende vyandigheid en vrees teenoor hulle.

Waarom is Westerse nasies in hierdie stryd van immigrasie-krisisse gewikkel? Wat sal die lot van Westerse samelewings wees en die immigrante-bevolkings sélf? Die Bybel verskaf antwoorde.

**Meer mense, meer probleme?**

Die Verenigde Koninkryk en Ierland is onder die nasies wat hulle midde in die wêreldwye immigrasie-krisis bevind. Sedert 2020 het rekordgetalle asielsoekers – meer as 100,000 mense in klein bootjies – die V.K. binnegekom (*BBC*, 23 Januarie 2024). Die meerderheid Britse asielsoekers kom van Afghanistan, Iran, Indië, Pakistan en Bangladesj. In 2022 het meer as 45,000 *onwettige* immigrante die Engelse Kanaal vanaf Frankryk oorgesteek – nóg 'n nasie wat worstel met onbeheerde immigrasie. Gedurende dieselfde jaar het die netto-migrasie na die V.K. byna 'n getal van 750,000 mense bereik (*BBC*, 22 Desember 2023). Die V.K. eerste minister, Rishi Sunak, het dit betreur dat immigrasie-getalle "heeltemal te hoog is".

Volgens *The Guardian* (2 November 2022), is daar vanaf November 2022, een uit elke ses inwoners in Engeland en Wallis buite die V.K. gebore – 'n toename van 33 persent in tien jaar. Terwyl wettige immigrante bewys moet lewer van hulle vermoë om te kan werk asook toekomstige indiensneming moet bewys, is asielsoekers aan geen sodanige vereistes onderhewig nie. Hulle ontvang gratis regeringsbefondsde behuising en 'n weeklikse "kontantkaart" (*LawCentreNI.org*, Julie 2023).

Mnr. Sunak, self 'n seun van immigrante, het in 2023 alarm gemaak en gewaarsku: "Ons vyande sal sien dat ons nie in staat is om die situasie te hanteer nie en daarom sal migrasie toenemend as 'n wapen gebruik word om mense doelbewus na ons kus te dryf in 'n poging om te probeer om ons samelewing te destabiliseer" (*The Telegraph*, 16 Desember 2023). Hy het gewaarsku dat die immigrasie-beleide sal moet verander, anders sal migrante "ons lande en ons vermoë om diegene te help wat ons hulp die nodigste het, oorweldig". Hy het gekla dat "dit die publiek se vertroue sal vernietig, nie net in ons as politici nie, maar ook in ons eie regeringstelsels". Dit herinner aan die waarneming van die voormalige Britse eerste minister, Margaret Thatcher, wat opgemerk het dat Brittanje dalk "eerder oorval kan word deur mense van 'n ander kultuur". Dit word deesdae as polities foutief beskou en heeltemal misverstaan, hoewel hierdie woorde van die "Ystervrou" die kragtige impak van skielike veranderings op Brittanje se demografie erken het.

**Morele agteruitgang, verval van die samelewing**

Sosioloog Anne Holohan, van Trinity College Dublin, het in 'n Desember 2023 *Sky News*-onderhoud opgemerk: "Ons het 'n toename in die aantal asielsoekers gesien – en die toenemende aantal –het probleme in die Ierse samelewing aan die lig gebring, maar hulle het nie hierdie probleme veroorsaak nie". Deur die gevolgtrekking te maak dat

*Vervolg op bladsy 21*

# Die volgende D-dag

## Deur Wallace G Smith

Tagtig jaar gelede het die Geallieerdes die grootste see-aanval in die menslike geskiedenis uitgevoer. Sou hulle dit vandag kon doen? Sou dit ooit nodig wees? Profesie verskaf die antwoorde.

Op 6 Junie 1944 het die son opgekom op wat die grootste militêre see-aanval in menseheugenis sou word. Meer as 130 oorlogskepe, kleiner swaar gewapende skepe en torpedo-draers het die Franse kus gebombardeer terwyl die pad deur byna 300 mynveërs toeganklik gemaak is om die vaartuie wat die Engelse Kanaal oorsteek te beskerm. Sowat 7,000 vaartuie het byna 200,000 soldate van agt Geallieerde nasies na die kus van Europa – wat deur die Nazis oorheers was – vervoer, selfs al het meer as 1,200 vliegtuie valskermsoldate agter vyandelike linies uit die vliegtuie laat spring.

Meer as 2 miljoen Geallieerde personeellede het altesaam aan Operasie *Overlord* deelgeneem, van soldate wat die strand bestorm of uit die lug neerdaal tot vlieëniers en matrose wat mans en voorrade vervoer het, tot mediese personeel wat die groot getalle van die gewondes gehelp het. Laat ons nie vergeet, vir menige soldaat wat sy drywende vervoer verlaat het om die strand te bestorm, sy lewe geëindig het in 'n hael van masjiengeweervuur voordat hy nog eers sy voet aan Europese wal gesit het.

Die Slag van Normandië wat gevolg het – met die doel om 'n Geallieerde teenwoordigheid op die vasteland te verseker en die bevryding van Frankryk en die res van Europa uit die greep van Adolf Hitler te begin – sou nie eindig totdat meer as 70,000 Geallieerde magte gedood en meer as 150,000 gewond was nie. Die gety van die oorlog het egter gedraai. Minder as 'n jaar later, op 8 Mei 1945, het Duitsland onvoorwaardelik oorgegee aan die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk, Frankryk, die Sowjetunie en die ander nasies van die Geallieerde Magte, by die hoofkwartier van die V.S. se generaal Dwight D. Eisenhower. Vier maande later het die Tweede Wêreldoorlog geëindig toe Japan formeel en onvoorwaardelik aan die V.S. se generaal Douglas MacArthur oorgegee het.

In die hele aangetekende geskiedenis was daar nog nooit 'n militêre inval van die grootte en omvang van D-Day en Operation *Overlord* nie. In die 80 jaar wat gevolg het, bly die aanval uniek in menslike ervaring. Niks soos dit het voorheen gebeur nie en niks soos dit het sedertdien plaasgevind nie.

Verslegtende wêreldtoestande laat tog deesdae die vraag ontstaan: Indien daardie nasies dit weer moes doen, kon hulle? Kan die V.S. en die V.K. weer die militêre hulpbronne versamel wat nodig is om die wêreld te red?

Tagtig jaar ná D-dag is die bewyse ver van bemoedigend.

**'n Anglosfeer in verval**

Daar bestaan blykbaar min twyfel dat die V.S. steeds die magtigste weermag in die wêreld regeer, alles in ag genome – vir 'n goeie doel. Geen ander nasie het getoon dat hy in staat is om magte op soveel verskillende plekke in die wêreld gelyktydig te land nie, ondersteun deur die mees gevorderde tegnologie en vuurkrag wat bestaan.

Niks hou egter vir ewig nie. Die Amerikaanse wil om hierdie voordeel te behou, is besig om te verkrummel.

Die opskrif van 'n *Wall Street Journal* hoofartikel van Maart het die huidige toestand beklemtoon: “Biden krimp die V.S. se weermag”, gevolg deur die verklaring, “Die President se Pentagonbegroting openbaar dat die gewapende magte in 'n toestand van bestuurde agteruitgang is”. Die *WSJ*-redakteurs het 'n kommerwekkende vermindering in militêre belegging uiteengesit: 'n Vermindering van die V.S. se vloot, 'n vermindering in werwing, 'n vermindering in – wel, feitlik elke beduidende militêre element, selfs terwyl

die nasie meer bedreigings in die gesig staar as wat dit in dekades ervaar het. Wat nie verminder het nie, is politieke dooie punte, aangesien V.S. politici baie besiger is om hulle oorloë teen mekaar te wen as om oorloë teen ander nasies te wen.

Die Verenigde Koninkryk is selfs nog in groter gevaar. Die beleidsontleder Andrew Dorman, het vir *"UK in a Changing Europe"* – 'n groep akademiese kundiges wat geborg word deur *King's College London geskryf* en die toestand van Brittanje se weermag opgesom met hierdie woorde: "Dit is nou tyd om paniekerig te raak". Tydens sy ontleding van Februarie 2024 kom hy tot die gevolgtrekking van die V.K. se dienshoofde aangaande "die toestand van Brittanje se gewapende magte en hulle onvermoë om 'n oorlog vir enige tydperk vol te hou". In 'n tyd wanneer die bedreigings van oorlog uiters hoog is, sien Dorman die V.K. in 'n toestand wat lyk soos dié van die 1930's, toe die nasie desperaat moes skarrel om voor te berei vir die groeiende bedreiging op die vasteland. Of so 'n geskarrel vandag kan slaag, lyk op sy beste onseker.

**Duitsland en Europa ontdek oorlogsingesteldheid**

In skrille kontras met die V.S. en die V.K. aanvaar Duitsland weer die behoefte aan militêre mag.

Duitsers het vir dekades lank ná die Tweede Wêreldoorlog die idee dat Duitsland weer sy voormalige vermoë in oorlogvoering kan herwin as onsmaaklik beskou en vermy. As die "amptelike skurk" van twee wêreldoorloë, het die nasie gemaklik gelyk om deur middel van vreedsame maniere alleen te lei – ekonomies, staatsmanskap en die onderhandelings en van die politieke ryk – wat ander nasies, veral die V.S., toegelaat het om die leiding te neem in die gewapende ondersteuning en verdediging van Europa.

Daardie dae is egter nou verby. Oorlogvoering word in die gesig gestaar op hulle vasteland asook onsekerheid oor die V.S. se leierskap in die buiteland, Duitsland se leiers dink  baie anders as wat hulle selfs 'n paar jaar gelede gedoen het. In 2022 het die Duitse regering hulle daartoe verbind om 'n bykomende 100 miljard euro beskikbaar te stel om sy nasie se gewapende magte te versterk en het 'n behoefte gesien om "omvattende stappe te neem in die rigting van 'n militarisering van die Duitse samelewing as 'n geheel" (*German-Foreign-Policy.com*). Met Duitsland se gewapende magte op 'n historiese laagtepunt van 180,000, vra 'n paar selfs vir die herinstelling van diensplig, terwyl ander 'n vinnige metode voorstel om Duitse burgerskap aan te bied vir immigrante wat inskryf. Boris Pistorius, Duitsland se minister van verdediging, wil sien dat sy land se militêre besteding dramaties toeneem. Pistorius was nie tevrede met die onlangse verhogings wat Duitse militêre besteding tot byna 2 persent van die land se BBP gebring het nie. Hy het in Februarie 2024 aan die deelnemers by die jaarlikse Munich veiligheidskonferensie gesê: "Ons kan 3 persent of miskien selfs 3,5 persent bereik, dit hang af van wat in die wêreld gebeur".

Pistorius se erkenning van die behoefte aan groter militêre besteding word oor die hele Europese Unie verkondig. Charles Michel, president van die Europese Raad, noem die huidige situasie "die grootste veiligheidsuitdaging sedert die Tweede Wêreldoorlog", in 'n "op-ed piece" van 18 Maart 2024, gepubliseer in koerante regoor Europa, gewaarsku: "Indien ons vrede wil hê, moet ons voorberei vir oorlog". Michel het EU-lande aangemoedig om na 'n "oorlog-ekonomie" oor te skakel en om verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheid te aanvaar in plaas daarvan om op onsekere V.S. steun staat te maak.

**'n Geprofeteerde omkering van mag**

Die jare wat kom kan baie veranderings oplewer. Miskien sal die V.S. deur die illusie van veiligheid en sekuriteit sien wat sy eeu van wêreldoorheersing gegenereer het en die werklik gevaarlike aard van die wolke wat op sy horison saampak, erken. Miskien sal die V.K. weer ingryp, al is dit net kortstondig, vir die gevoel van bestemming en doelstelling wat sy mense eens bemagtig het om 'n magtige vloot te bou wat die oseane regeer het en 'n gedissiplineerde militêre mag wat gevrees was in lande regoor die wêreld. Miskien sal Duitsland vind dat sy vrese

ongegrond is – dat die na-oorlogse bande en ooreenkomste wat dit toegelaat het om militêre ambisies tersyde te stel ten gunste van vreedsame invloed, nog 'n bietjie lewe in hulle kan hê.

Die pad na die toekoms is selde 'n reguit pad. Veranderings kom en gaan. Onwaarskynlike kinkels en draaie – hoogtepunte en laagtepunte – sal voorkom. Die onvermydelike bestemming is tog voorspel in die bladsye van u Bybel en dit is verseker. Daardie bestemming sluit 'n verwoeste V.S. en V.K. in – hulle weermagte verpletter en kragteloos om die totale vernietiging te voorkom wat bestem is om hulle mense te tref – terwyl Duitsland weer opstyg tot die hoogte van wêreldwye mag, met oorlogvoerende krag wat veroorsaak dat die hele wêreld hulle bewonder.

Die God van die Bybel verklaar: "... wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag" (Jesaja 46:10). Sy woord aangaande die eindtyd openbaar dat hierdie nasies 'n algehele ommekeer van hulle toestande ná die Tweede Wêreldoorlog sal ervaar. Voordat Jesus Christus terugkeer, sal ons sien hoe die V.S. en die V.K. verootmoedig, gebroke en afhanklik word van die genade van 'n Duitsland wat veg vir beheer van die hele wêreld.

Hoe dan? Waarom? Dit is heel moontlik om politiek te blameer. Waar is die gesonde stemme in die sale van die Britse of Amerikaanse regering wat alarm maak, soos wat Winston Churchill gedoen het in die dae voor die Tweede Wêreldoorlog? Politiek en beleidmaking is egter nie die ware skuldiges nie. Hulle is bloot simptome. Geen president of eerste minister – geen kongres of parlement – was bereid om die ware probleem aan te spreek wat fundamenteel daardie simptome veroorsaak nie.

Daardie probleem is natuurlik nasionale sonde – die enigste genesing is nasionale bekering.

**Verbreek die trots van hulle mag**

Baie mense kyk vandag na oorvereenvoudigde verklarings vir die opkoms van die Amerikaanse en Britse volke tot hulle vorige hoogtes van globale mag en invloed. Sommiges bied chauvinistiese slagspreuke oor "Amerikaanse uitsondering" of Anglo-Saksiese vindingrykheid. Ander mense wys 'n beskuldigende vinger na "kolonialisme" of "wit oppergesag" as die dryfveer.

U Bybel is egter baie duidelik oor hoe en hoekom hulle opkoms plaasgevind het. God het die Britse en Amerikaanse volke nie op grond van hulle eie spesiale eienskappe of vermoëns geseën nie, maar omdat Hy aan Abraham die onvoorwaardelike belofte gegee het dat sy nageslag na die hoogste plekke met mag in die wêreld sou uitstyg. Deur die Skrif noukeurig te lees sal daar in die lig van die geskiedenis aangedui word dat die Amerikaanse en Britse afstammelinge die hedendaagse ontvangers van daardie belofte geword het as afstammelinge van die antieke Israelitiese stam van Josef, net soos die moderne Joodse volke primêr afstam van die antieke stam van Juda.

Daardie onvoorwaardelike beloftes – wat vir eeue vertraag is weens die sondes van Abraham se nageslag – was gegrond op God se getrouheid aan Abraham as gevolg van *sy* gehoorsaamheid, nie as gevolg van een of ander veronderstelde inherente "grootheid" wat sy nageslag nie besit het nie (Deuteronómium 7:6-8; 9:4-6). Dieselfde beloftes het uiteindelik sy hedendaagse nageslag geseën.

Hierdie is miskien 'n verstommende bewering en dit is een wat ons gereeld in die bladsye van die *Wêreld van Môre* maak. U behoort dit nie te glo sonder om dit vir uself in die bladsye van u eie Bybel te bewys nie. Indien u nog nie het nie, versoek asseblief ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Die begrip van wat u Bybel sê oor die voorvaders van vandag se Britse en Amerikaanse volke, is die sleutel om te verstaan wat vir hierdie nasies in die eindtyd voorlê.

Bybelprofesie openbaar die ontnugterende waarheid dat, as gevolg van die sondes van die Anglo-Saksiese nasies – nie bloot net hulle politieke of ekonomiese beleid nie –

hulle militêre mag uiteindelik verpletter en heeltemal ondoeltreffend sal wees. God se geïnspireerde Woord maak dit duidelik dat Hy – nie militêre mag nie – altyd die Bron van Israel se oorwinnings was. Soos koning Dawid ons deur die tyd vermaan: "Nou weet ek dat die HERE sy gesalfde verlos; Hy sal hom verhoor uit sy heilige hemel met magtige dade van verlossing van sy regterhand" (Psalm 20:7). In Levitikus 26 het die God van Israel duidelik gemaak wat Sy volk in die geveg behoort te verwag wanneer hulle weier om Sy Wette te gehoorsaam en na Sy geregtigheid te soek. Wat ook al hulle versamelde krag of fisiese krag, hulle vooruitsigte op oorwinning verdwyn:

> "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie" (verse 14-15, 17).

Dink aan die wanhopige onttrekking van die V.S. uit Afghanistan in 2021, met vreesbevange mense wat aan die landingsonderstel van vertrekkende V.S. vliegtuie vasklou. Wat is dit, indien dit nie 'n treffende voorbeeld is van hoe dit lyk om te "vlug terwyl niemand julle agtervolg nie"?

God beloof dat Hy, as gevolg van die sondes van Abraham se nageslag, "julle trots mag verbreek" (vers 19). Hoeveel van die trots van die mees belangrike Engelssprekende nasies van die wêreld is verbonde aan hulle weermagte? Miskien is daardie trots besig om weg te kwyn, maar God belowe nie 'n blote wegkwyning nie. Hy beloof 'n totale en algehele *verbreking*. God beskryf die stede van die hedendaagse afstammelinge van die stamme van Israel wat hulle Skepper vergeet het – dit sluit die V.S. en V.K. in – wat heeltemal verwoes word deur hulle vyande.

"In al julle woonplekke" sê Hy vir hierdie volke, "sal die stede verwoes en die hoogtes 'n wildernis word, sodat julle altare woes en eensaam sal wees, en julle drekgode verbreek sal word en verdwyn, en julle sonpilare omgekap en julle werke vernietig sal word. En die wat verslaan is, sal onder julle lê, sodat julle kan weet dat Ek die HERE is" (Eségiël 6:6-7).

Baie profesieë openbaar dieselfde uitkoms: Stede lê verwoes en is verlate gelaat, hulle volke oor die aarde verstrooi as dienaars en slawe. 'n Tyd kom waarin hierdie eens magtige nasies verpletter sal word in armoede, magteloosheid en volkome afhanklikheid van die barmhartighede van hulle oorwinnaars – 'n tyd wat genoem word "die tyd van benoudheid van Jakob" in Jeremia 30:7 en die tyd van "groot verdrukking" deur Jesus Christus in Matthéüs 24:21.

**Opkoms van die dier**

Die Skrif beklemtoon die eindtydbestemming van die V.S. en die V.K., maar wat sê dit van die belangrike Duitse nasie? Wat sal die uiteindelike uitkoms van sy nuwe militêre aspirasies wees?

Duitsland word soos die V.S. en die V.K. bespreek in die bladsye van u Bybel. Duitsland word gevind in sy antieke vorm as die beroemde nasie van Assirië. Dit is ook iets wat u aan uself moet bewys. Ons gratis boekie *Duitsland in profesie* is saamgestel om u te help om hierdie groot hedendaagse nasie – beide sy antieke verlede, sowel as sy vinnig naderende toekoms – binne God se geïnspireerde Woord te vind.

Wanneer u Duitsland herken in die woorde van die profete, sien 'n mens dat sy bestemming inderdaad baie anders is as dié van die Engelssprekende mense. Trouens, namate die Engelssprekende nasies tot 'n val kom, sal Duitsland opstaan en 'n oorlog-bekwame Europa lei

soos wat die wêreld nog nooit gesien het nie. Die apostel Johannes beskryf hierdie toekomstige oorlogvoerende mag, soos aan hom geopenbaar in 'n visioen deur Christus:

> "Toe staan ek op die sand van die see. En ek het 'n dier uit die see sien opkom, met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone, en op sy koppe 'n lasterlike naam. En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, sy pote was soos die pote van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu. Die draak het aan hom sy mag, sy troon en groot gesag gegee" (Openbaring 13:1-2).

Ja, hierdie eindtydse herlewing van die Romeinse Ryk, bemagtig deur Satan, sal die hoogtepunt van wêreldryke deur die geskiedenis verteenwoordig – dit sal mag uitoefen soos geen ander tevore nie.

Dit sal die mag insluit om oorlog te voer: "En hulle het die draak aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (vers 4). Konflik tussen hierdie groot industriële, ekonomiese en militêre kragreus en ander – soos gekombineerde nasies van die Midde-Ooste en Noord-Afrika, sowel as massiewe leërs van Oosterse moondhede oorkant die Eufraat – sal miljarde mense doodmaak (vergelyk Daniël 11:40-44) Openbaring 9:17-18). Dit sal egter nie gebeur voordat hierdie dier die V.S. en die V.K. onder sy kloue verpletter het nie.

**Die volgende D-dag?**

Sal die V.S. en die V.K ooit nog 'n militêre oorwinning sien op die skaal van wat D-dag teweeggebring het? Die ontwyfelbare woord van Bybelprofesie sê vir ons dat die toekoms vir hierdie nasies teen die einde angswekkend sal wees. Alhoewel daar kinkels en draaie kan wees, namate ons die einde van hierdie huidige tydperk bereik en die Wederkoms van Jesus Christus sien kom om Sy Koninkryk op die aarde te vestig, openbaar die Skrif dat ons binnekort 'n onstuitbare mag sal sien opkom in Europa, gelei deur 'n nuut bemagtigde Duitsland wat daarop uit is om die wêreld te verower – met die Britse en Amerikaanse volke totaal verower en onderworpe.

'n Feit waaroor min bekend is oor die D-dag 80 jaar gelede in Junie 2024, is dat daar gedebatteer word oor waarvoor die "D" staan. Sommige mense beweer dat dit afgelei is van die militêre terme wat die einde van 'n aftelling na 'n gebeurtenis aandui, soortgelyk aan *"H-Hour"*. Brigadier-generaal Robert Schultz het namens generaal Eisenhower self geskryf dat dit verwys na die "vertrekdatum" van 'n amfibiese operasie.

Profesie maak nogtans tragies duidelik dat die D-dag wat *voorlê* vir die Geallieerdes wat eens gehelp het om die wêreld te red, een van nederlaag, verwoesting en verlatenheid is. Daardie omstandighede sal egter tydelik wees. Jesus Christus sal kort ná daardie verootmoedigende gebeure terugkeer en aan die hele wêreld – Amerikaners, Brittanje en Duitsers – die D-Dag wat die mensdom werklik nodig het bring: 'n Dag van verlossing. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Oorlog van die wêrelde*

39). Dit sal die stelsel om te offer beëindig wat weer begin is (Daniël 8:13-26; 12:9-10). Om meer te wete te kom, versoek 'n gratis eksemplaar van *Die Midde-Ooste in Profesie* by die streekkantoor naaste aan u. Die kontaklys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*.

Regdeur die Skrif voorspel die profete 'n toenemende, internasionale, eindtydse besorgdheid oor wat in die Midde-Ooste en Israel – maar verál in Jerusalem – gebeur. Daar word ook melding gemaak van 'n toenemende ywer vir Judaïsme, wat lei tot die hervatting van offers in die tempel, wat die toorn en woede van die Moslemwêreld sal laat toeneem.

Die stryd is nie polities nie, maar godsdienstig. Selfs die koning van die Noorde sal godsdienstige steun vir sy pogings hê (Openbaring 13:11-17). Hierdie godsdienstige stryd sal slegs opgelos word deur die Wederkoms van die Koning van die konings met die leërs van die hemel om die leërs van hierdie wêreld te vernietig (Openbaring 11:15-18). WvM

# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

ontneem ons nie van 'n vrye wil nie; dit help ons om wyse keuses te maak.

God het mense nog altyd geroep om standpunt in te neem teen die verkeerde dinge van hulle tyd (Deuteronómium 8:19-20). Indien u na God se Waarheid soek en wil leer oor u rol in Sy Koninkryk, hou aan om die Bybel te ondersoek asook die verskillende hulpbronne wat die *Wêreld van Môre* gratis aanbied.

Vra God om u te lei om u rol te verstaan. Indien u nou geroep word, het u die geleentheid om in die eerste opstanding te wees as een van diegene wat deel sal wees van die Bruid van Jesus Christus en saam met Hom te regeer in die naderende sewende millennium van die menslike geskiedenis as deel van Sy koninkryk. Wat 'n uitsonderlike roeping! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Die VK immigrasie-krisis*

Ierland se ellende die regering se skuld is, sien professor Holohan die diepgaande verband tussen die immigrasieprobleem en inherente probleme in die Ierse samelewing oor die hoof.

Wat is die onderliggende maatskaplike probleem wat deur die huidige immigrasienagmerrie teweeg gebring word? Die Bybel waarsku dat wanneer nasies God se Gebooie verwerp, hulle die prys van ontwrigting van die samelewing sal betaal. Die Britse Gemenereg wat die basis is vir baie Engelsprekende nasies word deur die Bybelse Tien Gebooie beïnvloed. Die waardes wat Groot-Brittanje egter daartoe gelei het om behoeftige nasies regoor die wêreld vir eeue lank by te staan, te ondersteun en hulp te verleen – hoe onvolmaak dit ook al mag gewees het – word nou vervang deur 'n goddelose en veranderlike ideologie wat op dit self gefokus is. Westerse nasies volg nou die model van Israel gedurende die antieke tyd van die Rigters, waarin "daar geen koning in Israel [was] nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (Rigters 17:6).

God rig 'n waarskuwing oor wat sal gebeur indien Sy Gebooie verwerp word: "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak" (Deuteronómium 28:43). Ons sien hoedat daardie werklikheid vandag in Brittanje, Ierland en ander Westerse nasies afspeel. Bevolkingstatistieke bevestig dat die bevolking wat in die buiteland gebore is, in Westerse lande toeneem, terwyl die getalle van binnelandse geboortes afneem. Volgens die *BBC* "het die toename van immigrasie uit die EU daartoe gelei dat sommige dorpe met tradisioneel klein groepe migrante, in die Middellande [van Engeland] en Wallis byvoorbeeld, 'n vinnige verandering in die samestelling van hulle bevolking ervaar het" (19 Januarie 2020). In Londen word slegs 36,8 persent van die inwoners as "*white British*" (*Gov.uk*) geklassifiseer. In 2021 het slegs 36,2 persent inwoners in Manchester, hulleself Christene genoem, 32,4 persent het gesê dat hulle geen godsdiens het nie en 22,3 persent van die inwoners is as Moslems geïdentifiseer. In 2021 het 34 persent inwoners van Birmingham hulleself Christelik genoem, 24 persent inwoners het gesê dat hulle geen godsdiens het nie en 30 persent is as Moslem geïdentifiseer (*Gov.uk*). In Maart 2023, volgens die *BBC*, is daar deur die V.K. se regering op 395 hotelle, regoor die V.K., beslag gelê met die doel om asielsoekers te huisves.

Daar is 'n soortgelyke neiging in Ierland waar 'n derde van die hotelkamers deur asielsoekers bewoon word (*NewsTalk*, 31 Maart 2023) wat 'n skerp styging in hoteltariewe veroorsaak het. In Roscrea het inwoners geprotesteer teen planne dat die dorp se enigste hotel 'n woonplek vir asielsoekers word, wat 160 meer immigrante sal byvoeg tot 'n dorp van minder as 6,000 inwoners wat toe rééds 600 asielsoekers gehuisves het (*RTE.ie*, 12 Januarie 2024). Sedert die Covid-pandemie het ongeveer 100,000 Oekraïners alleen na Ierland gekom – 'n nasie van net 6,5 miljoen

*Vervolg op bladsy 25*

# Die Gees van Pinkster

## Wonderbaarlike gebeure van die afgelope millennia openbaar 'n wonderlike waarheid vir vandag.

### Deur Rod McNair

God het die Heilige Gees aan Sy Kerk gegee op Pinksterdag, maar baie min mense verstaan vandág die betekenis van hierdie Heilige Dag. God se Heilige Gees is noodsaaklik vir 'n ware Christelike lewe maar mense is onbewus van wat dit is, wat Pinkster werklik behels en wat hierdie dinge vandag vir Christene beteken!

Baie mense verwar die gebrabbel wat in hedendaagse "charismatiese" kerke waargeneem word as openbaring van die Heilige Gees. Hulle is verkeerd en die waarheid het 'n baie dieper betekenis. Kan u met dieselfde Gees vervul word as Christus se eerste dissipels? Ja u kan!

Die 50 dae na Jesus Christus se kruisiging en opstanding was 'n onvergeetlike tyd vir Sy dissipels. Hulle Leermeester het uit die dood opgestaan na 'n wrede teregstelling en het hulle 40 dae lank onderrig. Meer as 500 mense het Hom op een slag gesien (1 Korinthiërs 15:6). Die dissipels het saam met Hom geëet, met Hom gepraat en selfs die wonde aangeraak waar sy liggaam deurboor was.

Dit was egter nie al nie. Na 40 dramatiese dae van onderrig, het die Verlosser in die wolke opgevaar terwyl Sy dissipels met verwondering en verbasing toegekyk het. Hy het hulle egter nie alleen agtergelaat nie! Hy het beloof dat hulle toegerus sal word "met krag uit die hoogte" – 'n belofte van hulle Vader om hulle toe te rus met lewenskragtigtigheid wat hulle nog nooit tevore ervaar het nie (Lukas 24:49).

Die dissipel Lukas, beskryf Christus se bemoedigende woorde: "En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, *het Hy gesê*, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie" (Handelinge 1:4-5).

Van watter gebeurtenis het die opgestane Christus gepraat? Wat was hierdie "belofte" wat sou kom? Die meeste Bybelgeleerdes ken die basiese verhaal, maar baie van hulle is nie ten volle bewus van die diepgaande impak wat hierdie belangrike vyftigste dag van daardie belangrike tydstip af verder in die toekoms op die Kerk van God sou hê nie. Dit was die dag van Pinkster – die dag van wonderwerke waarop die Nuwe Testamentiese Kerk begin het!

Wat het op daardie wonderlike Pinksterdag in 31 n.C. gebeur? Lukas teken die dag se gebeure aan:

> "EN toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale [bekende tale, nie onverstaanbare gebrabbel nie], soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek" (Handelinge 2:1-4).

Die aanvang van die Nuwe Testamentiese Kerk is gekenmerk deur verstommende beelde en klanke. Dit was 'n indrukwekkende vertoning van Goddelike krag, wat herinner het aan die ontsagwekkende skouspel wat God vertoon het op die dag toe Hy die Wet aan Moses op die berg Sinai gegee het (Hebreërs 12:18-21). Trouens, volgens die Joodse tradisie was die Wet van God baie eeue vroeër by die berg Sinai, op Pinksterdag gegee!

*Vervolg op bladsy 13*

# Vrae & Antwoorde

## Roep God ons of kies ons Hom?

**Vraag:** In Johannes 6:44 word gesê dat God die Vader ons na Jesus Christus toe trek en dat ons nie uit ons eie na Hom kan kom nie. Ek het altyd gedink dat ons 'n vrye wil het om ons eie keuses te maak. Dit lyk egter of hierdie vers impliseer dat ons nie regtig 'n keuse hierin het nie. Het ons 'n sê in die saak of nie?

**Antwoord:** Eerstens moet ons erken dat God wil hê dat álmal die ewige lewe sal kies (Johannes 3:16-17). Ons lees: "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Petrus 3:9). Hy sal Sy aanbod van verlossing van niemand weerhou nie en Hy roep elke persoon op die regte tyd (Romeine 9:15). Ons leer: "Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom" (1 Timótheüs 2:3-4).

God roep egter nog nie nou elke mens op aarde nie. Indien dit Sy huidige plan was om almal in hierdie tyd te red, kan ons na die toestand van ons samelewing kyk en tereg tot die gevolgtrekking kom dat Hy besig is om te misluk. Dit is egter nie wat Hy doen nie. Baie mense het geleef en gesterf sonder om ooit iets van Jesus Christus te weet en baie ander was slegs blootgestel aan 'n valse weergawe van Hom en Sy boodskap (2 Korinthiërs 11:4). Die Bybel verseker ons egter dat 'n tyd *sal* kom wanneer almal die ware Evangelie sal hoor en die geleentheid sal hê om te reageer (Eségiël 37:1-14; Romeine 11:26). God roep tog sommige mense vóór daardie tyd, as "eerstelinge" (Jakobus 1:18), om Sy Evangelie in vandag se uitdagende wêreld te verkondig.

In die boek Openbaring lees ons van *twee* afsonderlike groepe mense wat uit die dood opgewek sal word. Die een groep sal opgewek word tot die ewige lewe as 'n deel van God se Goddelike gesin, terwyl die ander groep tot hernude fisiese lewe opgewek sal word en hulle eerste werklike geleentheid sal hê om Jesus Christus as Verlosser aan te neem en in gehoorsaamheid aan God se liefdevolle Wette te leef (Openbaring 20:4-6, 11-13). Almal wat van hierdie geleentheid gebruik maak sal later as ewige geestelike wesens uit die dood opgewek word en voortleef tot in ewigheid as lede van die Gesin van God. Diegene wat *nie* hierdie geleentheid gebruik nie, maar eerder kies om teen God te rebelleer terwyl hulle ten volle bewus is van die gevolge, sal in die poel van vuur tereggestel word en nooit weer leef nie (Openbaring 20:14-15).

### 'n Buitengewone roeping

Sedert Adam en Eva se keuse, in Génesis 3, het die mensdom pogings aangewend om die wêreld se probleme sonder God op te los maar het jammerlik misluk. Hierdie mislukking wys vir ons dat die mensdom se weë nie tot ware geluk of vervulling lei nie. Selfs in ons gebroke wêreld lei God egter diegene tot bekering wat Hy in Sy Kerk, die liggaam van Christus inroep (1 Korinthiërs 1:2; 12:13; 2 Timótheüs 2:25-26).

Diegene wat geroep is en God se Gees ontvang het, het 'n groot verantwoordelikheid om sonde te oorwin en die Heilige Gees wat hulle ontvang, gee aan hulle die krag om sonde te oorwin (Kolossense 3:5-10). Deur hulle voorbeeld sien die wêreld watter voordele en seëninge dit inhou wanneer ons leef volgens God se Wet in plaas van 'n lewe sonder God volgens die mensdom se nukke en grille. Dit is 'n weg wat ons moet kies en die keuse van ongehoorsaamheid aan God het ernstige gevolge (Romeine 6:23; Hebreërs 6:4-6; 10:26-27). Om deel van God se Kerk te wees en die Heilige Gees te hê,

*Vervolg op bladsy 21*

# Ondervinding is nie die beste leermeester nie

Deur Jonathan McNair

Ondervinding is nie die beste leermeester nie Daar is sekerlik waarde in ondervinding, maar met behoorlike instruksie kan ons ons kinders waardevolle lesse leer sonder om hulle oor te laat aan 'n pynlike lewe .

Daar is 'n algemene beskouing dat ondervinding die beste leermeester is. Daar is beslis waarde in ondervinding. Vanaf die oomblik van ons geboorte, vestig die dinge wat rondom ons leefwêreld en met ons gebeur, ons bewussyn met die werklikheid. Ondervinding word ons leermeester en dit is 'n baie kragtige leermeester. Saam met ons omgewing en ons genetiese samestelling vorm ons ervarings, die lens waardeur ons ons wêreld sien. Indien ons egter *slegs* deur ondervinding kan leer, is ons bestem om 'n pynlike lewe te lei.

Ons sien dat dit ook in die Skrif weerspieël word. Josua het die kinders van Israel in Sigem bymekaargemaak kort voordat hy gesterf het en hy het hulle leiers herinner aan dit wat hulle ondervind het toe God hulle uit slawerny uit Egipte gelei het. Hy het gesê: “Toe Ek julle vaders uit Egipte uitgelei het, het julle by die see gekom; maar die Egiptenaars het julle vaders agternagejaag met strydwaens en perderuiters na die Skelfsee toe; maar hulle het die HERE aangeroep, en Hy het 'n duisternis gestel tussen julle en die Egiptenaars en die see oor hulle laat kom, sodat dit hulle oordek het, en julle eie oë het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het. Daarna het julle baie dae in die woestyn gebly” (Josua 24:6-7).

Die getrouheid van Josua se geslag kan ten minste gedééltelik toegeskryf word aan wat hulle gesien en gehoor het nadat hulle uit Egipte vertrek het. Hulle het God se hand daarin gesien toe Hy die trots van Egipte deur middel van plae verbreek het. Hulle het op droë grond deur die Rooi See gestap terwyl God die waters regs en links van hulle opgedam het. Hulle het gesien hoe water uit 'n rots spuit, terwyl God hulle dors in 'n droë land geles het. Die gevolg van hulle ouers se ervaring het egter ook gelei tot weerstand teen God se instruksies asook rebellie teen Hom en het selfs ongebreidelde afgodery ingesluit. Die gevolge van daardie optrede vir hulle ouers was dat hulle in die woestyn moes sterf – sonder om ooit 'n voet te sit in die land wat God aan hulle wou gee.

Wat het God vir die Israeliete begeer? Wou Hy hê dat hulle die bitter vrugte van hulle ervarings moes pluk? Hier is wat Hy aan Moses gesê het: “Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan” (Deuteronómium 5:29).

Was dit God se doel dat hulle moes leer deur elke moontlike fout te maak? Glad nie. Hy het voortgegaan: “Sorg dan dat julle doen soos die HERE julle God julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie” (Deuteronómium 5:32).

**Terug na die begin**

God het aan die eerste mens, Adam, die vermoë gegee om uit Sy ondervindings te leer. God het egter ook van Adam verwag om volgens instruksies te leer. “Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Génesis 2:15-17).

'n Mens kan ook uit ondervinding leer wanneer ons ongehoorsaam is aan God se opdrag, soos ons sien toe Satan vir Eva versoek en mislei het deur te sê: “Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken” (Génesis 3:4-5). Wat was haar aanvanklike reaksie? “Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om

verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet" (Génesis 3:6).

Volgens hulle ondervinding was die vrugte goed, al het God hulle beveel om dit nié te eet nie. Volgens hulle ervaring tot dusver was God nie betroubaar nie. Nadat die volle gevolge van hulle besluit geopenbaar is, het Adam en Eva onherroeplik geleer dat God se instruksies wél akkuraat is.

Is ondervinding dus die beste leermeester? Nee. Behoort ervaring deel te wees van hoe ons en ons kinders leer? Ja – ons behoort te leer uit ons ondervinding asook ander mense se ondervinding. Wat ook uiters belangrik is, is hoe ons geleer word. Aan die begin van die boek Spreuke, lees ons die volgende:

> "DIE spreuke van Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, om wysheid en tug te ken, om woorde van insig te verstaan, om aan te neem tug wat verstandig maak, geregtigheid en reg en regverdigheid; om aan die eenvoudiges skranderheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg; laat die wyse luister, dan sal hy insig vermeerder, en die verstandige sal verstandige gedagtes verkry, om 'n spreuk en beeldspraak te verstaan, die woorde van die wyse manne en hulle raaisels. DIE vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug" (Spreuke 1:1-7).

In die Bybel vind ons 'n volhoubare tema: Kennis, wysheid en begrip kom deur onderrig. Die grondslag van akkurate kennis is 'n vrees vir God en eerbied vir Sy openbaring. Wanneer ons wys is, sal ons die dinge wat ons ervaar binne die raamwerk van God se

***Vervolg op bladsy 26***

***Vervolg vanaf bladsy 21 – Die VK immigrasie-krisis***

mense (*Sky News*, 10 Desember 2023). In Ballyhaunis in die weste van Ierland is *40 persent* van die bevolking in die buiteland gebore.

'n Nou-verwante resultaat van ongekontroleerde immigrasie is die vinnig veranderende geloofstelsels van politieke leiers. Die V.K. se destydse eerste minister is Hindoe. Skotland se Skotse Nasionale Party se hoof en Eerste minister is Moslem. Hierdie leiers verteenwoordig 'n steeds toenemende groep van regeringsamptenare met waardestelsels wat verskil van die invloed van die Bybelse grondslag wat eens deur Groot-Brittanje en Ierland gehandhaaf is. 'n Belgiese LP het na bewering in 2015 opgemerk dat Moslem-immigrasie "'n inval is, dit is 'n 'Trojaanse perd'" (*The Guardian*, 19 Maart 2015).

Die "vreemdeling wat by jou is" is verseker besig om die "kop" te word terwyl die inwonende volke "die stert" word – presies soos God gewaarsku het. Hierdie kulturele en samelewingsverskuiwing is besig om plaas te vind in Wes-Europa, die Verenigde State, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en ander nasies van Britse afkoms.

**'n Plek om huis te noem**

God toon nie partydigheid nie; Hy verkies geen nasie of volk bo 'n ander nie (Handelinge 10:34). Immigrante in Israel moes goed behandel word (Deuteronómium 10:19), maar God beveel ook dat daardie immigrante Sý lewenswyse aanneem (Númeri 15:15-16).

Mense vlug uit hulle lande weens hongersnood, oorlog en korrupte, selfgesentreerde leiers. Hulle vlug uit hulle huise op soek na die vrede, veiligheid en voorspoed van Westerse nasies wat voorheen deur Bybelse beginsels beïnvloed is. Hierdie uittog sal voortduur totdat 'n diepgaande verandering kom: Jesus Christus sal terugkeer na die aarde en sal regverdige leiers oor die mensdom aanstel. Hulle liefdevolle, onbaatsugtige optrede sal die behoefte vir mense uitskakel om uit hulle huise te vlug. Christus sal die huidige skeidings tussen samelewings herstel en waardigheid en respek aan alle mense gee. Onder Christus se heerskappy sal daar een Wet wees – God se Wet en een waardestelsel wat die wêreld verenig! WvM

# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

*Vervolg vanaf bladsy 25 – Ondervinding is nie die beste leermeester nie*

instruksies beskou.

**Instruksie *asook* ondervinding**

Hoe is dit van toepassing wat betref ons opdrag om ons kinders te onderrig en op te voed?

Nadat God die kinders van Israel uit Egipte gebring het, het Hy hulle beveel om die gebeure te herdenk wat hulle so pas aanskou en beleef het. Hy het ondervinding met instruksies gepaard laat gaan – in hierdie geval was dit instruksies wat hulle veronderstel was om aan hulle kinders te gee. Hy het gesê: "En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei" (Exodus 13:8-9).

Die kinders van Israel is geleer wat die betekenis is van wat hulle en hulle voorvaders beleef het. Dit is 'n voorbeeld wat ons behoort te volg. Ouers, maak tyd om met u kinders te praat oor wat hulle elke dag beleef het. Beklemtoon die goeie dinge en verduidelik waarom die slegte dinge verkeerd is. Boonop help dit om ons kinders vroegtydig te onderrig en hulle te help om pynlike ervarings te vermy wat hulle lewenslank skade kan berokken.

In die boek Deuteronómium lees ons dat God die Israeliete beveel het om hulle kinders van Sy weë te leer:

> "Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou? Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak" (Deuteronómium 4:7-9).

Vanaf Adam se tyd dring die mens daarop aan om te leer deur die toets-en-tref-metode deur ondervinding in afwesigheid van God se opdrag. U en ek behoort te leer dat ons méér as net ondervinding nodig het. Ons het God se instruksies nodig om 'n suksesvolle lewe te lei. Ons kan op dieselfde manier met ons kinders werk en goddelike onderrig by hulle ondervinding byvoeg.

Ondervinding is nié die beste leermeester nie, maar wanneer dit deur God se Woord versterk word, kan dit baie effektief wees. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Hordes mense wat van onderdrukking weggevlug het, het die Romeinse Ryk vanuit die noorde binnegekom. Miljoene onwettige migrante van regoor die wêreld stroom oor Amerika se suidelike grens, waar daar derduisende botsings met onwettige migrante plaasgevind het vanaf Oktober 2023 tot en met Januarie 2024. Ons het daardie artikel egter gepubliseer voordat die algemene burger bewus geraak het van die probleem. Met die skryf van hierdie artikel, dui peilings daarop dat dit die belangrikste kwessie is wat kiesers in die November 2024 verkiesing in die gesig staar en wat sal bepaal wie die V.S. vir die volgende vier jaar "regeer". Brittanje en Europa ondervind soortgelyke probleme met migrasies vanuit Afrika en die Midde-Ooste.

Terwyl Amerikaners bewus geraak het van die *probleem*, wéét hulle wat die aanvanklike *oorsaak* daarvan is? Min mense weet selfs nie eers wie die Amerikaanse en Britse afstammelinge is nie óf dat aanstootlike onsedelikheid en sonde lei tot wat God byna 3,500 jaar gelede voorspel het: "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak" (Deuteronómium 28:43). Beskryf dit nie wat ons vandag sien nie? Sommige onwettige migrante, maar beslis nie almal nie, kry gratis gesondheidsorg, finansiële hulp, gratis slimfone, gratis kamers in luukse hotelle, gratis kos en nog baie meer. Intussen is hierdie byvoordele nie beskikbaar vir behoeftige burgers wat al dekades lank in die land woon en belasting betaal het nie. Dwelms, bendes en misdaad is reeds aan die orde van die dag en tensy Amerika verander, *sal* dit erger word.

**Die goeie nuus is ...**

Gelukkig is daar 'n beter wêreld aan die kom. Dit is die goeie nuus wat die Bybel verkondig en die *Wêreld van Môre* deel ook daardie goeie nuus met u. Ons Maart-April 2024 se artikel, "Jerusalem: Toekomstige Hoofstad van die Wêreld", het begin met 'n sub-opskrif wat verduidelik: "*'n Stad wat sedert antieke tye gebuk gaan onder probleme, het 'n merkwaardige toekoms wat voorlê!"* Nee, u sal nie hierdie soort nuus op televisie of *TikTok* kry nie, maar dit *is* nuus of u dit glo of nie! Daar is 'n God in die Hemel en Hy *sal* dit laat gebeur. Tyd sal bewys dat dit waar is.

Die *Wêreld van Môre* verkondig nóg goeie nuus. Hoeveel mense is al gemartel deur gedagtes van 'n geliefde wat in die hel brand – in folterende, eindelose pyn met geen hoop van ontsnapping nie? Baie mense in daardie veronderstelde toestand het nog ooit eers die Naam van Christus gehoor nie! U mag dit dalk moeilik vind om te glo dat mnr. Richard F. Ames se Januarie 2024-artikel die vraag, "Gaan u na die HEL?" beantwoord. Dit het 'n herrie ontketen toe hy geskryf het, "Sou u geskok wees om te hoor dat u Bybel eintlik leer dat niemand op hierdie oomblik in die hel brand nie? Trouens, daar is *geen* onsterflike siele wat vir ewig in die vlamme van die hel wriemel en skree nie en dit sal *nooit gebeur nie*. Ja, daar sal 'n helse vuur wees, maar nie die soort wat so baie mense hulle verkeerdelik voorstel nie". Ongelukkig is daar 'n paar van ons lesers wat klaarblyklik lief is vir vuur en wie hou van die idee dat God mense vir ewig sal martel nadat hulle 'n paar jaar in onkunde op die aarde geleef het. Gelukkig is dit nié wat die Bybel sê nie.

Ons Kanadese streekredakteur Stuart Wachowicz, het reeds in ons Mei-Junie 2022-uitgawe geskryf: "Die waarheid aangaande Anti-Semitisme". Hy verduidelik die geskiedenis, oorsake en toekoms van die irrasionele haat vir die Joodse volk. Hoeveel van ons lesers en nog minder mense in die wêreld, het die omvang van hierdie probleem besef? Wie sou egter kon dink dat daar later so 'n geweldadige protes *teen* die Israeli's sou wees op 7 Oktober 2023 en hulle so wreed aangeval sou word?

Die *Wêreld van Môre* kyk ook na sosiale neigings wat ons lewens beïnvloed op maniere wat ons dalk nie besef nie. Vorige artikels sluit in "Die subtiele kuns om die Bybel te kanselleer" (Junie 2022), *"New Gods, new Sins" (Tomorrow's World March 2021)*, "Werk moderne moraliteit?" (Februarie 2023), "Is *Big Brother* aan die kom?" (September-Oktober 2021), "Die totstandkoming van moderne heidendom" (November-Desember 2020) en "Is manlikheid *werklik* toksies?" (Mei-Junie 2020).

Die basis van ons boodskap bring ons weer by een belangrike vraag: Is menselewe die onwaarskynlike gevolg van toeval en evolusie of is ons hier vir 'n doel wat deur 'n intelligente Skepper beplan is? "Verstommende Bybel-

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

---

profesieë vervul" (Mei-Junie 2022) het verduidelik dat geen mens ooit toekomstige gebeure kan voorspel behalwe onder inspirasie van die Een na wie ons verwys as God nie. Selfs ons reeks oor "Die werke van Sy hande" herinner ons aan alledaagse wonders rondom ons wat op 'n magtige Ontwerper dui.

Ja, die *Wêreld van Môre* verduidelik ons samelewing soos geen ander tydskrif dit deesdae doen nie. Dit maak die geskiedenis lewendig, werp lig op skadelike sosiale neigings en verduidelik uit die Bybel wat om in die nabye toekoms te wagte te wees. Dit dui op die skandelike, die afstootlike en uiteindelik die *goeie nuus* van hoe dinge alles vir 'n lydende wêreld sal uitdraai.




# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**